



Aan : Paul van Deventer
Deur : Paul Joubert en Marisa Engelbrecht
Datum : 2 September 2008
Onderwerp : Opsommende blik op die stand van Afrikaanse tersiêre onderrig in die lig van die vaardigheidstekort in Suid-Afrika

1. Inleiding

Daar is 'n wêreldwye tekort aan mense met geskikte vaardighede om die wêreld-ekonomie te dryf. Dieselfde geld in nog 'n groter mate in Suid-Afrika. Die vaardigheidstekort word daagliks in die plaaslike media gekommunikeer en oplossings word uit verskeie oorde bespiegel. Volgens 'n studie wat FutureWorld gedoen het, is die vaardigheidstekort een van die grootste bekommernisse wat top bestuurslui saans wakker hou.

Wêreldwyd het 39% van top bestuurslui, wat aan die peiling deelgeneem het, vaardigheidstekorte as 'n reuse probleem uitgewys. In Suid-Afrika staan hierdie syfer op 45%.¹ In die 2008 Grant Thornton International Business Report is die verskil in die erns van die vaardigheidstekort tussen Suid-Afrika en die internasionale besigheidsgemeenskap nog groter, met 'n 10-persentasiepunt verskil tussen die twee.

Opleiding is dus van kardinale belang in Suid-Afrika, veral in tegniese vaardighede en dit is reeds in verskeie studies as 'n vinnig groeiende probleem uitgewys.

Die huidige stand van Afrikaanse opleiding in Suid-Afrika skep 'n bleek prentjie. Van die ses universiteite in die land wat voorheen heeltemal Afrikaans was, is daar slegs sekere kampusse van die Universiteit van Noordwes en sommige

fakulteite van die Universiteit van Stellenbosch wat oorgebly het. By die Universiteit van Stellenbosch gaan die verengelsing aktief voort. Die Universiteite van Johannesburg (voorheen Randse Afrikaanse Universiteit (RAU)), -Wes-Kaap en -Pretoria het byna heeltemal verengels. By die Universiteit van die Vrystaat word parallelmediumonderrig toegepas. By ander tersiêre instellings, soos tegniese opleidingsinstellings, kan dieselfde prentjie gesien word.

Hierdie verslag gee 'n opsommende blik op die bogenoemde twee kwessies in Suid-Afrika en toon aan dat die bevordering van Afrikaanse tegniese opleiding 'n uiters belangrike saak is.

2. Sol-Tech

Die ernstige tekort aan goed opgeleide en vaardige werkers in heelwat van Suid-Afrika se bedrywe, het die vakbond Solidariteit genoop om in 2005 sy eie opleidingskollege, Sol-Tech te stig. Sol-Tech bied 'n uitgebreide reeks kursusse in skaars vaardighede aan. Die kursusse word almal in Afrikaans aangebied. Die kollege het in 2008 twee tydelike werkwinkels ingerig waar studente kwaliteit praktiese en teoretiese opleiding kan doen. Die vakbond wil ook van 2009 af 'n eie kampus inrig waar 1 000 studente per jaar opleiding sal kan ontvang.

Die getal studente wat sedert 2005 by Sol-Tech aansoek doen om opleiding het geweldig toegeneem maar vanwee 'n beperking op beskikbare fasiliteite kan slegs sowat 'n kwart van die beoogde 1 000 studente tans opgelei word.

3. Die vaardigheidstekort in Suid-Afrika²

Volgens die Suid-Afrikaanse regering se National Scarce Skills List 2007 benodig Suid-Afrika in die industriesektor (onder-andere) die volgende:

- 10 700 ingenieurs

- 3 600 ingenieursprojekbestuurders
- 8 800 ander geskoolde tegnisi en tekenaars
- **45 000 ambagslui**
- 27 000 konstruksiewerker en mynwerker

Hierdie is slegs die tekorte in een sektor. Daar is nog honderdduisende ander groepe opgeleide werker wat benodig word in ander sektore.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing skat dat daar 'n tekort van 350 000 mense is om bestuurs- en tegniese poste te vul. Hierdie tekort is nie net teenwoordig in die privaatsektor nie. In 2006 het 79 van Suid-Afrika se 231 munisipaliteite nie 'n enkele ingenieur of tegnikus in hul diens gehad nie. Volgens die Ontwikkelingsbank is hierdie tekorte besig om te veroorsaak dat Suid-Afrika se infrastruktuur ten gronde gaan, aangesien behoorlike instandhouding nie gedoen kan word nie.

Suid-Afrika het een ingenieur vir elke 3 166 mense. In Brasilië is hierdie verhouding 1:227. Indië s'n is 1:157.

Die opgeleide persone met die regte vaardighede vir Suid-Afrika word ook weggelok na lande soos Australië, die VSA en China – lande wat almal ook tekorte aan opgeleide tegnisi en ingenieurs het.

Een stel syfers wat spesifiek betrekking het op Sol-Tech is die feit dat daar in 2006 slegs 3 222 ambagslui hul ambagstoetse geslaag het. Dit terwyl die regering wil hê dat 12 500 ambagslui elke jaar hul toetse moet slaag. Daar is dus baie ruimte vir Sol-Tech om nog meer mense op te lei. Die gemiddelde ouderdom van ambagslui in Suid-Afrika staan op die oomblik tussen 50 en 55 jaar oud. Die aftrede van 'n groot groep gekwalifiseerde ambagslui gaan dus binnekort plaasvind. Dit skep nog 'n groter geleentheid vir Sol-Tech om jongmense in skaars vaardighede op te lei. Die huidige stand van regstellende

aksie noodsaak ook dat Afrikaanssprekende jongmense juis in skaars ambagte opgelei moet word om vir hulle 'n toekoms in die land en werkgeleenthede te kan verseker.

Volgens die Scarce Skills List benodig Suid-Afrika 68 000 onderwysers op alle vlakke. Te min van die huidige kohort jong leerders neem die regte vakke (Wiskunde en Wetenskap) op skool en dié wat dit wel neem, slaag dit dikwels nie op 'n goeie en aanvaarbare vlak nie. Volgens Ewald Muller van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktroïëerde Rekenmeesters, het slegs 600 swart matrikulante in 2007 Wiskunde op Hoër Graad met 'n C-simbool of hoër geslaag.³ Daar is dus baie ruimte vir Afrikaanse jongmense om opleiding te ontvang en wel werk te kry, ten spyte van die regering se Regstellende Aksie-beleid wat onregverdig teen hulle diskrimineer.

4. Die stand van Afrikaanse opleiding

Daar is reeds in die inleiding genoem wat die stand van sake is by die histories-Afrikaanse universiteite van Suid-Afrika. Daar moet ongelukkig staatgemaak word op sulke anekdotiese inligting, aangesien daar baie min empiriese data oor hierdie onderwerp beskikbaar is. Vanuit anekdotiese bewyse kan 'n mens agterkom dat Afrikaanse onderrig op alle vlakke agteruitgaan en selfs aktief onderdruk word deur die Suid-Afrikaanse regering.

Daar is een studie wat spesifiek melding maak van die opleidingstaal aan tegniese kolleges in Suid-Afrika. Volgens hierdie 2003 verslag van die RGN, was die taal van onderrig aan 94,6% van alle tegniese kolleges in Suid-Afrika Engels gewees. Slegs 4,5% van die kolleges bied opleiding in Afrikaans. Slegs 10% van alle studente aan tegniese kolleges in Suid-Afrika praat Engels as huistaal. Dit is dus nie net 'n saak van Afrikaans wat bedreig word nie, maar moedertaalonderrig as 'n konsep.

In die Wes-Kaap praat 35% van die studente aan die kolleges Afrikaans as huistaal, maar slegs 9,2% van die instellings onderrig in Afrikaans. In Gauteng (waar Sol-Tech geleë is) is die syfer nog laer – slegs 2%.⁴ Daar kan met redelike sekerheid aanvaar word dat hierdie syfers nog verder versleg het in die 5 jaar vandat die RGN se navorsing gedoen is. Sol-Tech staan feitlik alleen in hierdie stryd.

5. Gevolgtrekking

Suid-Afrika het 'n omgekeerde opleidingspiramide, met baie meer universiteitsgraduandi as studente in tegniese rigtings. In 2000 was daar meer as 250 000 studente aan universiteite, 140 000 aan teknikons en slegs 138 000 aan “further education and training” (FET) kolleges (waarvan tegniese kolleges soos Sol-Tech deel is).⁵ Daar bestaan 'n groot behoefte aan uitbreiding van instellings wat hierdie soort opleiding verskaf, maar op die oomblik geskied dit byna uitsluitlik in Engels.

In die lig van die huidige reuse vaardigheidstekort in Suid-Afrika, gekoppel aan die stand van Afrikaanse onderrig, veral op die vlak van tegniese kolleges, is dit duidelik dat daar 'n groot behoefte bestaan. Sol-Tech ervaar hierdie behoefte ook prakties in die aansoeke wat ontvang word. Uit die hoeveelheid aansoeke vir studiebeurse wat Solidariteit Helpende Hand ontvang, is dit ook duidelik dat die Afrikaanse gemeenskap al hoe minder geld het om vir hul kinders opleiding te kan gee.

Armoede onder wit mense in Suid-Afrika het tussen 1995 en 2005 met 95% toegeneem en werkloosheid het met 150% gestyg. Deur geskikte opleiding te verskaf aan die Afrikaanse jongmense wat in hierdie tye grootword, kan hierdie tendens gestuit word.

¹ FutureWorld. 2008. *What is keeping executives awake at night?*. FutureWorld Flash Survey. enquiries@futureworld.org

² Toespraak gelewer deur Dr Dirk Hermann op 3 Julie 2008. Opgestel deur Paul Joubert.

³ Business Day. 2008. *Shortage of skills across the board*. Toegang verkry op 2 September 2008. <http://www.businessday.co.za/Articles/TarkArticle.aspx?ID=3275688>

⁴ Cosser, M. 2003. Chapter 3 – Graduate tracer study in *Technical college responsiveness*. reds. Cosser, M., McGrath, S., Baroodien, A. & Maja, B. 2003. HSRC Publishers. (also available on-line)

⁵ Akoojee, S. 2005. *Private further education and training in South Africa; The changing landscape*. HSRC Publishers.

CDE. 2007. *The skills revolution; are we making progress?* red. Ann Bernstein. Centre for Development and Enterprise